
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2024

# NASIENRIGLYNE

**GESKIEDENIS (VRAESTEL 1) (10791)**

**29 bladsye**

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

**VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIG VAN VRAE |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese konsepte/terme | 30% (15) |
| VLAK 2 | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | 40% (20) |
| VLAK 3 | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Raak betrokke by bronne om die bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | 30% (15) |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae:

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte wat toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en lewer kort kommentaar, bv.

________________• _____________________________• _______________________

_______________________________________________• ________________ ✓✓✓✓

VLAK 2 = 4

Gebruik meestal relevante bewyse om ŉ basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punt akkuraat na die buiteblad van die antwoordskrif oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel beskik oor ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir die nasien van ŉ spesifieke opstel.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## 2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as ŉ geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om die argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om ŉ vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Die holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument (beplan, gestruktureer en ŉ onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante <u>inleiding</u> (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke <u>hoofaspek/liggaam</u> van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne) en ŉ relevante <u>slotopmerking</u> (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne)
Bv. In ŉ opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.4.4 Die volgende simbole **MOET** gebruik word in die assessering van ŉ opstel:

| | |
|---|---|
| Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | **^** |
| • Verkeerde stelling | ________ |
| • Irrelevante stelling | \|<br>\|<br>\| |
| • Herhaling | **R** |
| • Analise | **A** ✓ |
| • Interpretasie | \| ✓ |
| • Argument | ↑ LOA |

**2.5 Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle:

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ŉ opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| **I** | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| **I** | VLAK 4 | |
| **A** | VLAK 3 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| **I** | VLAK 4 | 26 – 27 |
| **A** | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in die inhoudsdekking.
Poog om ŉ argument te handhaaf.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | **VLAK 7** <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 6** <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | **VLAK 5** <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. <br> Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 4** <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3** <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. <br> Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | **VLAK 2** <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **VLAK 1*** <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot die argument wat gevolg is. | **47 – 50** | **43 – 46** | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudskeuse relevant tot die argument wat gevolg is. | **43 – 46** | **40 – 42** | **38 – 39** | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag is grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38 – 39** | **36 – 37** | **34 – 35** | **30 – 33** | **28 – 29** | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in die antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30 – 33** | **28 – 29** | **26 – 27** | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26 – 27** | **24 – 25** | **20 – 23** | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20 – 23** | **18 – 19** | **14 – 17** |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14 – 17** | **0 – 13** |

**Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:**

- Vraag glad nie aangespreek nie/heeltemal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksies sluit basiese en oor die algemeen irrelevante inligting in; geen inligting om die opstel te struktureer nie = 1 – 6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; min poging om die opstel te struktureer = 7 – 13



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT OOS-BERLYNERS IN DIE GESIG GESTAAR HET TERWYL HULLE AS GEVOLG VAN DIE BERLYNSE MUUR NA WES-BERLYN IN DIE 1960's PROBEER ONTSNAP HET?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Duitse Demokratiese Republiek (DDR, Oos-Duitsland) (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Om sy bevolking te beskerm teen fascistiese elemente wat saamgesweer het om die 'wil van die mense' in die bou van 'n sosialistiese staat in Oos-Duitsland te voorkom. (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Verduideliking van konsep uit Bron 1A – V1]*

- 'n diktatoriale leier wat geweld, intimidasie en dwang/mag gebruik om opposisie te onderdruk
- 'n magsmisbruikende leier wat militarisme, chaos, wetteloosheid en burgerlike wanorde gebruik om mag/heerskappy te verkry
- 'n leier wat deur geweld, chaos en intimidasie regeer/regeer
- politieke stelsel gekenmerk deur geweld en wetteloosheid

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van inligting in Bron 1A – V2]*

- Die muur het die menseregte van alle Berlyners geskend aangesien dit gesinne van mekaar geskei het
- Dit het die outokratiese aard van kommunisme/Sowjetunie weerspieël aangesien dit hulle opsetlik/doelbewus verhinder het om hulle reg op vryheid uit te oefen
- Die muur het die mislukking van kommunisme gedemonstreer
- Die Wes-Berlynse stadsregering wou die Sowjetunie en kommunisme in 'n negatiewe lig uitbeeld.
- Dit was vernederend dat die Sowjetunie burgers teen hul wil gehou het/ 'n Muur van veroordeling

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.5 *[Interpretasie van inligting in Bron 1A – V2]*

- Oos-Duitsers wou 'n beter lewe hê en wou die vryheid ervaar wat Wes-Berlyn aan hulle gebied het
- Hulle wou toegang hê tot beter ekonomiese geleenthede in Wes-Berlyn, omdat Oos-Berlyn nie groter ekonomiese geleenthede gebied het nie
- Oos-Berlyn het ekonomiese probleme gehad omdat die Sowjetunie daarop gefokus het om skadevergoeding uit Oos-Duitsland te kry eerder as om die Oos-Duitse ekonomie te help herstel
- Oos-Duitsers het gesukkel met ekonomiese uitdagings en die beperkende outoritêre heerskappy van die Sowjetunie in Oos-Berlyn/Duitsland
- Sommige Oos-Duitsers wou herenig word met hul gesinne/geliefdes in Wes-Berlyn

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 15 Augustus 1961 / Augustus 15 1961 (1 x 1) (1)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- "het Conrad Schumann die besluit geneem om te vlug"
- "aan fotograwe wat aan die Wes-Berlynse kant gestaan het, 'n teken gegee."
- "Hulle het sy plan om te ontsnap, herken."
- "om die geleentheid wat aan hom gebied is, te benut."

Enige TWEE (2 x 1) (2)

1.2.3 *[Verduideliking van historiese konsepte in die konteks van Bron 1B – V2]*

- In die konteks van die verdeling van Berlyn verwys 'n vlugteling na Oos-Berlyners wat gedwing is om hul huise te verlaat en Oos-Berlyn te ontvlug om in Wes-Berlyn te gaan woon tydens die bestaan van die Berlynse muur
- Oos-Berlyners wat gedwing is om in Wes-Berlyn te bly weens die beperkende politieke beheer vanaf Augustus 1961 tot die val van die Berlynse muur in 1989 in Oos-Duitsland en Oos-Berlyn
- Oos-Berlyners wat hul huise in Oos-Berlyn verlaat het om na Wes-Berlyn te ontsnap vir 'n beter lewe in Wes-Berlyn
- Oos-Duitsers wat Oos-Berlyn in die geheim verlaat het om vir politieke en ekonomiese redes in Wes-Berlyn te bly

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2.4 *[Interpretasie van inligting in Bron 1B – V2]*

- Die Oos-Duitse staatsekuriteit en polisie wou nie aanvaar dat Oos-Berlyners kommunisme en die bestaan van die Berlynse muur teëgestaan het nie.
- Wou wegsteek dat kommunisme vir Oos-Duitsers/Oos-Berlyners onaantreklik is en dit as ŉ verleentheid/klap in die gesig van die kommunistiese regime gesien dat ŉ werknemer van die Oos-Duitse polisiemag na die Oosblok ontsnap.
- Om kommunisme as hul ideologie te beskerm/verdedig omdat Conrad Schumann se ontsnapping na Wes-Berlyn hulle in ŉ negatiewe lig gestel het.
- Schumann se ontsnapping het die wanhoop van baie soldate en polisiemanne gedemonstreer en getoon dat die staatsekuriteit en polisie in ontkenning was.
- Dit was 'n poging om die Weste/kapitalisme te diskrediteer
- Hulle wou nie die skuld vir sy ontsnapping neem nie/ hul swakhede openbaar

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Dit was ŉ foto van die eerste Oos-Duitse soldaat wat uit Oos-Berlyn na Wes-Berlyn gevlug het, wat ikonies/beroemd was omdat dit ŉ werknemer van die Oos-Duitse regering was wat veronderstel was om die ontsnapping van individue na Wes-Berlyn te voorkom.
- Conrad Schumann, as ŉ Oos-Duitse soldaat, het ŉ held in Wes-Berlyn geword, aangesien sy ontsnapping van die ongelukkigheid van die Oos-Duitse volk bewys was.
- Conrad Schumann se ontsnapping het die onderdrukking en gebrek aan vryheid in Oos-Berlyn vergestalt.
- Oorsese koerante het hierdie beeld gebruik om kommunisme as ŉ ideologie van onderdrukking te diskrediteer.
- Die Weste het dit as propaganda gebruik om kommunisme te ondermyn, en kapitalisme te bevorder.
- Dit beklemtoon dat nie alle Oos-Duitsers die regering se besluit om die grens met Wes-Berlyn te sluit, ondersteun het nie.

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

(a)
- Gelukkig/Verheug om te sien dat Oos-Duitsers ontevrede was met die heerskappy van kommunisme en dat dit aan die hele wêreld blootgestel word
- Opgewonde/Ekstaties om aan die wêreld te bewys dat kommunisme individuele vryheid ontken
- Beskou dit as 'n oorwinning vir kapitalisme aangesien Conrad Schumann na Wes-Berlyn, wat onder die beheer van die Weste was, ontsnap het

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

(b)
- Verraai/Teleurgesteld dat Oos-Berlyners nie kommunisme ondersteun en lojaliteit getoon het nie
- Woedend dat soldate wat veronderstel was om die vlug van Oos-Berlyners na Wes-Berlyn te keer, self weg van kommunisme vlug

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

1.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 1B en 1C – V3]*

- Bron 1C wys hoe Conrad Schumann die doringdraadversperring spring om kommunisme te ontsnap, terwyl Bron 1B verduidelik dat Conrad Schumann oor die rolle doringdraad op die hoek van Bernauer en Ruppiner Strassen gespring het vir
- Bron 1B verduidelik dat daar grenswagte was om beweging na Oos-Berlyn te beëindig. Bron 1B wys hoe een van die wagte oor die muur spring na vryheid
- Beide bronne toon dat Conrad Schumann sy werk/lewe gewaag het om na Wes-Berlyn/vryheid te gaan
- Beide bronne toon dat Oos-Berlyners desperaat wou ontsnap van kommunisme / was teen kommunistiese bewind

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Die eerste tonnel is in September 1961 gebou
- Die meeste tonnels is gegrawe deur Westerse ontsnappingshelpers wat hul familie en vriende in Wes-Berlyn wou kry
- Oos-Duitsers het ook hul eie pad na die Weste gegrawe
- Ander het deur ondergrondse rioolstelsels ontsnap
- vervalste paspoorte en rybewyse van Wes-Berlyners
- Baie mense het uit hoë vensters na die Westerse sektor oorgespring

Enige 4 (4 x 1) (4)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.5.2 *[Interpretasie van inligting in Bron 1D – V2]*

- NBC was die VSA se uitsaai-televisie- en radionetwerk, hulle sou bereid wees om films te koop aangesien hulle teen kommunisme was en wou hê dat dit in ’n negatiewe lig uitgebeeld moet word/ propaganda
- Die bose/beperkende aard van kommunisme wou blootlê
- Nasionaal uitgesaai het dat die Sowjetunie ’n muur gebou het om kommunisme te bevorder en die vryheid van Oos-Berlyners te beperk
- Om meer mense/Oos-Berlyners aan te moedig om te ontsnap
- Hulle was ondersteuners van kapitalisme en sou dus natuurlik kommunisme teëstaan

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

1.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Heinz Jercha
- Siegfried Noffke (2 x 1) (2)

1.5.4 *[Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 1D – V3]*

**Die bron is bruikbaar omdat:**

- Dit metodes skets wat deur Oos-Duitsers gebruik word om na Wes-Berlyn te ontsnap vir ’n beter lewe
- Dit verduidelik dat Oos-Berlyners tonnels gebruik het om ’n lewe van vryheid in Wes-Berlyn te lei
- Dit beklemtoon dat ontsnaptes gevaar getrotseer het asook tronkstraf, indien hulle tydens ’n ontsnappingspoging betrap sou word, in die gesig gestaar het
- Dit is 'n boek deur 'n historikus Hans-Hermann Hertle wat 'n objektiewe siening gee oor die ontsnappingsmetodes van Oos-Berlyners om vryheid in Wes-Berlyn te verkry.
- Dit bied die twee perspektiewe van die Ooste en die Weste wanneer dit vlugtelinge hanteer
- Dit verskaf die metodes wat ook deur Wes-Berlyners gebruik is om Oos-Berlyners te ondersteun
- Die inligting kan deur bron 1C bevestig word wat wys hoe die grenspolisieman na Wes-Berlyn ontsnap

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Die muur is op 13 Augustus 1961 opgerig om fascistiese elemente te voorkom (Bron 1A)
- Dit het die 'Skandmuur' geword omdat dit families en vriende van mekaar geskei het. (Bron 1A)
- Oos-Duitsers is dood terwyl hulle na Wes-Berlyn probeer ontsnap het (Bron 1A)
- Conrad Schumann, ʼn Oos-Duitse soldaat het na Wes-Berlyn ontsnap vir vryheid(Bron1B en 1C)
- Die Oos-Duitsers het oorweeg om Schumann se ontsnapping as ontvoering uit te beeld, maar dit het baie media-aandag in die Weste gekry (Bron 1B)
- Die VSA het die Muur as 'n mislukking vir kommunisme beskou omdat hulle skynbaar beskerming nodig het teen die ideologie van kapitalisme wat 'n bedreiging vir hulle was (eie kennis)
- Oos-Berlyners het paspoorte en rybewyse van Wes-Berlyners vervals (Bron 1D)
- Baie mense het vanuit hoë vensters na die Westerse sektor gespring (Bron 1D)
- Gebruik tonnels om na Wes-Berlyn te ontsnap (Bron 1D)
- Berlynse Muur het gesinne verdeel (eie kennis)
- Berlynse Muur het Oos-Berlyners ekonomiese en politieke vryheid ontsê (eie kennis)
- Oos-Duitse polisie het gereeld Oos-Berlyners wat probeer ontsnap het, geskiet, gewond en doodgemaak (eie kennis)

(Enige ander relevante antwoord.)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. toon min of geen begrip **vir die uitdagings wat Oos-Berlyners in die gesig gestaar het terwyl hulle gedurende die tydperk van die Berlynse muur in die 1960's na Wes-Berlyn probeer ontsnap het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te rapporteer of kan nie oor onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. toon ŉ mate van begrip **vir die uitdagings wat Oos-Berlyners in die gesig gestaar het terwyl hulle gedurende die tydperk van die Berlynse muur in die 1960's na Wes-Berlyn probeer ontsnap het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. demonstreer ŉ grondige kennis van **die uitdagings wat Oos-Berlyners in die gesig gestaar het terwyl hulle gedurende die tydperk van die Berlynse muur in die 1960's na Wes-Berlyn probeer ontsnap het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: HOE HET DIE KOUE OORLOG SUPERMOONDHEDE TOT DIE BURGEROORLOG IN ANGOLA BYGEDRA?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- MPLA
- FNLA
- UNITA (3 x 1) (3)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Baie Angolese het geglo dat wie ook al op 11 November die mag in Luanda gehad het, legitimiteit sou kry as die leier van die nuwe regering (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Verduideliking van historiese konsepte – V1]*

- ŉ Gewapende konflik tussen twee of meer groepe binne dieselfde land

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Die USSR en die MPLA was beide Marxisties en ondersteuners van Kommunisme.
- Die USSR het oor die algemeen anti-koloniale/anti-imperiale groepe in Afrika ondersteun
- Die USSR het die ondersteuning van die MPLA gesien as ŉ manier om hul kommunistiese invloed in Afrika uit te brei
- Die USSR se steun was deel van 'n beleid wat daarop gemik was om die invloed van die VSA en sy bondgenote in Afrika/kapitalisme teë te werk
- As gevolg van sy geografiese ligging om toegang te verkry tot handelsroetes/mineraalbronne
- Dit was van strategiese belang
- Om hul ekonomiese belang te bevorder

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Die VSA is in Viëtnam verslaan en die Amerikaners wou nie ŉ herhaling waag nie
- Die Viëtnam-oorlog was duur (geld/lewens) en Amerikaners wou nie ŉ soortgelyke ervaring hê nie
- Die VSA se reputasie is in Viëtnam geskend en hulle wou nie verdere skade hê nie

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Die CIA (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Geld
- Wapens (2 x 1) (2)

2.2.3 *[Verduideliking van historiese konsepte – V2]*

- Mense of groepe wat iemand anders verteenwoordig – die MPLA het die USSR verteenwoordig en UNITA/FNLA het die VSA verteenwoordig
- Organisasies wat veg namens ’n ander moondheid wat nie direk betrokke is nie – MPLA namens die Sowjetblok en die FNLA/UNITA namens die Weste

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Hulle het gevoel dat die MPLA die belange van die USSR verteenwoordig
- Die MPLA was Marxisties/kommunisties, ’n ideologie wat gekant was teen Amerikaanse kapitalisme
- Amerika wou nie hê dat Kommunisme in Afrika moes versprei nie
- Amerika wou die verspreiding van die USSR se invloed in Afrika beperk
- Amerika wou maklike toegang tot Angola se hulpbronne hê/wou hierdie hulpbronne aan die USSR weier
- Die VSA wou nie gehad het dat die MPLA ‘n USSR-basis in Angola opstel nie

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Henry Kissinger en president Ford is verantwoordelik vir die verskaffing van geld aan Amerikaanse gevolmagtigdes in Angola (daar is geld in die “Angola-toebroodjie”)
- Die Amerikaanse publiek is nie bewus van presies wat in Angola gebeur nie (die bestanddele is geredigeer)
- Kissinger en Ford wil nie hê dat Amerikaners moet weet wat in Angola gebeur nie (hulle wil nie hê hulle moet “loer” nie). Kissinger en Ford steek die besonderhede van hul betrokkenheid in Angola weg (“’n lys van bestanddele wat beslis nie ingesluit is nie”)

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Kissinger en Ford finansier die konflik in Angola
- Die Amerikaanse regering en CIA verskaf geld aan hul gevolmagtigdes in Angola
- Amerikaanse betrokkenheid in Angola is vir die Amerikaanse regering duur

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.4 *[Vergelyking van bewyse uit bron 2B en 2C – V3]*

- 2B: Ons word vertel dat Amerikaanse betrokkenheid geheim was vir die publiek en dat die meeste van die Kongres betrokke was. 2C: Ons sien die Amerikaanse publiek as onkundig en nie in staat om die besonderhede te sien nie ("bestanddele")
- 2B: Ons word meegedeel dat die president die sleutelbesluite geneem het. 2C: Ons sien president Ford met sy hande op die "Angola-toebroodjie"
- 2B: Ons word vertel dat Amerika/die CIA geld aan groepe in Angola verskaf het. 2C: ons sien hierdie geld in die "Angola-toebroodjie")
- 2B: Ons word meegedeel dat Amerikaanse hulp "geheim" was. 2C: Ons sien die bestanddele (die hulpmiddel) is "geredigeer" en geheim
- 2B: Ons word vertel dat president Ford en Henry Kissinger hulp aan die FNLA en UNITA verskaf het. 2C: Ons sien Ford en Kissinger met hul hande op 'n geldgevulde "Angola-toebroodjie"

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- "omdat hulle die anti-koloniale stryd verraai het en van die rewolusie "gesplit" het, en hulle vereenselwig het met die Westerse Koue Oorlog-moondhede" (1 x 2) (2)

2.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- "UNITA se alliansie met die FNLA"
- "Sy aanvaarding van steun van Suid-Afrika en Amerika" (2 x 1) (2)

2.5.3 *[Interpretasie/ontleding van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Hulle was bloot instrumente wat deur Amerika/CIA gebruik is omdat hulle befondsing van hulle ontvang het en dus deur hulle beheer is
- Hulle is gesien as gevolmagtigdes van Westerse moondhede as gevolg van hul teenkanting teen die Marxistiese MPLA wat deur die Kommunistiese Sowjetunie ondersteun is
- Hulle is beskou as die uitvoering van die doelwitte van Amerika/CIA wat die USSR/Kommunisme teëgestaan het

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5.4 *[Interpretasie/ontleding van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Hulle wou nie hê dat die Marxistiese MPLA/USSR toegang tot die hulpbronne van Angola moes hê nie
- Hulle wou hul mag in Angola behou deur die mense arm te hou deur hulle nie toe te laat om hul eie hulpbronne te beheer nie

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.5.5 *[Evaluering van die beperkings van bron 2D – V3]*

- Die bron toon slegs die Sowjet-perspektief, negatiewe siening oor die organisasies wat deur Amerika/die Weste ondersteun is
- Die bron is duidelik bevooroordeeld ten gunste van die MPLA
- Die inligting is van ŉ Sowjet-koerant en ondersteun natuurlik die Sowjet-standpunt teen die optrede van die VSA in Angola
- Die bron beeld die MPLA in ŉ gunstige lig uit omdat hulle deur die Sowjetunie en die FNLA/UNITA ondersteun word, negatief – omdat hulle deur die VSA ondersteun word

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- • By onafhanklikheid was die drie organisasies nie in staat om saam te werk nie en die situasie het oorgeskakel na burgeroorlog, met die fokus op Luanda (Bron 2A)
- Die USSR het die MPLA voor en na onafhanklikheid ondersteun (Bron 2A)
- Die VSA het die FNLA in die geheim via die CIA ondersteun (Bron 2A)
- Kuba het die MPLA met wapens en raadgewers ondersteun (Bron 2A)
- Die VSA het na Suid-Afrika uitgereik om UNITA/FNLA te help (Bron 2A)
- Die USSR wou die ideologie van Kommunisme uitbrei terwyl die VSA kapitalisme wou versprei (eie kennis).
- Die Amerikaanse betrokkenheid in Angola was geheim en oor die algemeen weg van die Amerikaanse publiek gehou (Bron 2B en 2C)
- Geld en wapens is via Zaïre na die FNLA vervoer (Bron 2B)
- Amerikaanse huursoldate het in Angola teen die MPLA geveg (Bron 2B)
- President Ford en Henry Kissinger was die hoof Amerikaanse leiers wat verantwoordelik was vir die ondersteuning van die FNLA en UNITA (Bron 2B en 2C)
- Die USSR het ŉ negatiewe siening van die FNLA en UNITA gehad en het hulle as verraaiers gesien (Bron 2D)
- Die FNLA en UNITA is as kapitalistiese poppe beskou (Bron 2D)
- Die USSR het Westerse betrokkenheid gesien as gemotiveer deur ŉ begeerte om Angola se hulpbronne te beheer (Bron 2D)
- Die USSR het ŉ goeie verhouding met die MPLA gehad (Bron 2D)

(Enige ander relevante antwoord.)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse. Toon min begrip van **hoe Koue Oorlog-supermoondhede tot die Burgeroorlog in Angola bygedra het**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ’n paragraaf skryf nie | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp bv. toon ’n begrip van **hoe Koue Oorlog-supermoondhede bygedra het tot die Burgeroorlog in Angola.**<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier om ’n paragraaf te skryf | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Bewyse is relevant en hou verband met die onderwerp. Toon ’n deeglike begrip van **hoe die Koue Oorlog-supermoondhede tot die Burgeroorlog in Angola bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE VRYHEIDSOMERVELDTOG VAN 1964 OP DIE STEMREG VAN AFRO-AMERIKANERS IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960’s GEHAD?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A- V1]*

- Om soveel as moontlik Afro-Amerikaanse kiesers in Mississippi te registreer (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Definisie van ’n konsep in jou eie woorde uit Bron 3A – V1]*

- ’n Persoon wat ’n diens gratis lewer
- Wit universiteitstudente wat by Afro-Amerikaners in Mississippi aangesluit het om te help met kiesersregistrasie
- Mense van die Noordelike State wat by die Vryheidsomerveldtog in Mississippi aangesluit het

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- SNCC (Student Nonviolent Coordinating Committee/ Studente Nie-gewelddadige Koördineringskomitee)
- CORE ( Congress of Racial Equality / Kongres van Rassegelykheid
- NAACP (National Association for the Advancement of Colored People / Nasionale Vereniging vir die Bevordering van Mense van Kleur) (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- SCLC(Southern Christian Leadership Conference/Suidelike Christelike Leierskap Konferensie) (2 x 1)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Om meer aandag te gee aan die Vryheidsomerveldtog/Groter mediadekking/om te wys dat liberale blankes ook die saak ondersteun
- Om bewustheid van die kiesersregistrasieprobleme in Mississippi te verhoog
- Om die federale regering te dwing om die burgerregte van Swart Amerikaners in Mississippi wat probeer registreer om te stem, te beskerm

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Mississippi-blankes was teen die Vryheidsomerveldtog omdat dit hul lewenswyse bedreig het
- Mississippi-blankes wou Afro-Amerikaners verhoed om te registreer om te stem omdat Afro-Amerikaners die meerderheid in die meeste van hierdie suidelike state was
- Hulle het die hardste geveg teen integrasie en sosiale gelykheid omdat hulle nie as gelykes met Afro-Amerikaners gesien wou word nie
- Hulle was rassisties as gevolg van die meester/slaaf-verhouding wat deel van hul opvoeding was en baie was lede van die Ku Klux Klan
- Hulle wou hul rasse-meerderwaardigheid teenoor Afro-Amerikaners in Mississippi behou omdat hulle wit oppergesag wou behou

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- "wat aktief in die organisering van plaaslike boikotte was en met kiesersregistrasie gehelp het" (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- "na bewering vir spoed" (1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Die verdwyning van die drie aktiviste het massiewe media-aandag op die Vryheidsomerveldtog en op Mississippi se rassisme gevestig
- Mississippi was een van die land se mees gesegregeerde en rassistiese state
- Die families van Goodman en Schwerner was hoërklas liberale blankes wat optrede geëis het



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Die Vryheidsomerveldtog het nasionale implikasies vir die VSA gehad
- President Johnson en prokureur-generaal Robert Kennedy, wat hoëprofiel-regeringsamptenare was, het groot belangstelling in burgerregte-aangeleenthede gehad
- SNCC- en COFO-werkers het die FBI versoek om die verdwyning van die drie aktiviste te ondersoek
- Hulle het nie die plaaslike wetstoepassing vertrou nie

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

3.2.4 *[Evaluering van die betroubaarheid van Bron 3B – V3]*

Die bron is betroubaar omdat:

- Dit is ŉ primêre bron wat eerstehandse inligting verskaf, geneem uit die FBI Sake-verslae oor die ondersoek na die moorde op die drie aktiviste
- Die bron gee ŉ akkurate weergawe van wat met die drie aktiviste gebeur het
- Die bron noem dat die prokureur-generaal Robert Kennedy, ŉ hoëprofiel regeringsamptenaar, die FBI gevra het om die saak te lei
- Die bron verskaf bewyse van hoe pres. Johnson het 'n nuwe FBI-veldkantoor in Mississippi versoek
- Die bron verskaf bewyse van wat met die oortreders gebeur het, dat adjunk Price en balju Rainey gearresteer is
- Die datum 1964 stem ooreen met die datum van die ondersoekverslag
- Die inligting word bevestig deur bron 3A oor die moord op die aktiviste

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Analise van bewyse uit Bron C – V2]*

- Om die betrokkenheid van die FBI by die saak te wys
- Om by die waarheid oor die verdwyning van die drie aktiviste uit te kom
- Die FBI wou weet of die aktiviste nog leef
- Om die oortreders voor die hof te bring
- Die FBI wou wys dat hulle onpartydig teenoor die Burgerregtebeweging was
- Die FBI wou homself as die beskermer van die Amerikaanse regstelsel uitbeeld

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Die Vryheidsomerveldtog is deur beide swart en wit ondersteun
- Die Vryheidsomerveldtog het ŉ uiteenlopende groep mense bymekaar gebring wat rassegelykheid en burgerregte ondersteun het

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3B en Bron 3C – V3]*

- Bron 3B meld dat die FBI 'n massiewe soektog na die drie mans van stapel gestuur het wat ondersteun word deur Bron 3C wat sê dat die FBI ontbied moes word om inligting oor die vermiste aktiviste te gee
- Bron 3B noem die name van die drie vermiste aktiviste terwyl Bron 3C ook die name en foto's van die vermiste aktiviste noem
- Bron 3B noem dat die ouers optrede geëis het wat pres. Johnson gedwing het om die FBI te versoek om ondersoek in te stel soos gesien in Bron 3C wat die optrede toon wat die Amerikaanse president onderneem het om die verdwyning van die drie aktiviste op te los deur die FBI betrokke te kry

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- "Afro-Amerikaners het in hoër getalle in Mississippi en ander Suidelike state geregistreer om te stem" (1 x 2) (2)

3.5.2 *[Definisie van konsep in die konteks van Bron 3D – V2]*

- Om te keer dat Swart Amerikaners in Mississippi stem
- Om deur diskriminerende wette in die Suidelike State van Amerika Swart Amerikaners die stemreg te ontsê

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Die Vryheidsomerveldtog het dit vir die Amerikaanse volk onmoontlik gemaak om die rassistiese Suidelike State te ignoreer
- Die veldtog het gehelp met bewusmaking van die ongeregtighede van segregasie en diskriminasie teen Afro-Amerikaners in die Suide
- Die veldtog het druk op die departement van justisie geplaas om rassistiese terreur in die Suide te beveg om 'n einde daaraan te bring
- Die veldtog het druk op pres. Johnson geplaas om die Burgerregtewet van 1964 deur te voer

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Die federale regering wat sy amptenare na plaaslike hofgeboue gestuur het
- Baie Afro-Amerikaners tot plaaslike ampte soos burgemeesters, skoolrade en polisiehoofde verkies
- Meer as die helfte van Afro-Amerikaners in Suidelike state het teen die einde van 1966 ingeskryf om te stem
- Baie SNCC- en CORE-personeel het voortgegaan met belangrike posisies in die regering
- John Lewis van SNCC is tot die Amerikaanse Kongres verkies
- Mary King van SNCC het onder president Carter toesig oor die Vryheidsmag en Vista gehou
- Julian Bond het die NAACP gelei (2 x 1) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Slegs 6,7% van Afro-Amerikaners in Mississippi was geregistreer om te stem (Bron 3A)
- Swartes is beperk om te stem as gevolg van die hindernisse van kiesersregistrasies en diskriminerende wette (Bron 3A)
- Swart kiesers is deur die rassistiese blankes en die Ku Klux Klan geteister (Bron 3A)
- COFO het ʼn kiesersregistrasieveldtog begin (Bron 3A)
- Wit studente was vrywilligers in die Vryheidsomerveldtog (Bron 3A)
- Wit vrywilligers is gebruik om konfrontasie tussen Federale en Mississippi Staat owerhede af te dwing (Eie Kennis)
- Mississippi-blankes het nie die vrywilligers verwelkom nie (Bron 3A)
- Blankes het intimidasie en teistering teen die vrywilligers gebruik (eie kennis)
- Verdwyning van drie aktiviste – pres. Johnson gedwing om op te tree (Bron 3B)
- Johnson se reputasie was op die spel – moes bewys dat hy passievol was oor die burgerregte van Afro-Amerikaners (Eie kennis)
- FBI gedwing om die verdwyning en moorde te ondersoek (Bron 3C)
- Wit Amerikaners kon nie meer die rassistiese Suidelike State ignoreer nie (Eie kennis)
- Dit het die Amerikaanse volk aangespoor om die Burgerregtebeweging te erken. (Eie kennis)
- Afro-Amerikaners het teen hoër getalle geregistreer om in Mississippi te stem (Bron 3D)
- Vryheidsomerveldtog het bewusmaking van die segregasie en diskriminasie in die Suidelike state verhoog (Bron 3D)
- Die Stemregwet van 1965 het stemreg aan swartes gegee (Bron 3D)
- Meer as die helfte van alle Swart Amerikaners in die Suidelike state het geregistreer om te stem (Bron 3D)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Vryheidsomerveldtog het gelei tot die stigting van Vryheidskole en gemeenskapsentrums wat onderwys en hulpbronne aan die Swart Amerikaners verskaf het (Bron 3D)
- Onderwys het aan Swart Amerikaners die kennis en vaardighede verskaf om die onregte te konfronteer (Eie kennis)
- Gemeenskapsentrums het aan Swart Amerikaners ŉ gevoel van bemagtiging verskaf om te organiseer en te mobiliseer vir verandering (Eie kennis)
- Baie is verkies tot plaaslike ampte soos burgermeesters, skoolrade en polisiehoofde (Bron 3D)
- Baie SNCC- en CORE-personeel het belangrike loopbane in die staatsdiens gevolg (Bron 3D)

(Enige ander relevante antwoord.)

**Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse. toon bv. geen of min begrip in die verduideliking van **watter impak die Vryheidsomerveldtog van 1964 op die stemreg van Afro-Amerikaners in die Verenigde State van Amerika in die 1960's gehad het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. toon ŉ mate van begrip **in die verduideliking van watter impak die Vryheidsomerveldtog van 1964 op die stemreg van Afro-Amerikaners in die Verenigde State van Amerika in die 1960's gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer ŉ deeglike begrip deur te verduidelik **watter impak die Vryheidsomerveldtog van 1964 op die stemreg van Afro-Amerikaners in die Verenigde State van Amerika in die 1960's gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 5 – 8** |

(8)
**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B: OPSTELVRAE**

**VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet die stelling krities bespreek dat die taktiek en metodes wat deur die Viëtkong gebruik is 'n groot uitdaging aan Amerikaanse soldate tydens die Viëtnam-oorlog tussen 1963 en 1975 gestel het. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet die stelling krities bespreek dat die taktiek en metodes wat deur die Viëtkong gebruik is, 'n groot uitdaging aan Amerikaanse soldate tydens die Viëtnam-oorlog tussen 1963 en 1975 gestel het. Hulle moet hul argumentslyn met relevante historiese bewyse ondersteun.

**UITBREIDING**

- Verdeling van Noord- en Suid-Viëtnam (Agtergrond)
  - ➢ VSA eerste ingryping in Suid-Viëtnam – het wapens en militêre adviseurs teen die Viëtkong gestuur (Viëtnamese kommuniste)
  - ➢ Ho Chi Minh-roete en die betekenis daarvan (gebruik deur die Viëtming kommunistiese guerrillas van Noord-Viëtnam om die Viëtkong in die Suide te ondersteun)

- VSA het die 'Veilige Dorpie'-beleid/Hamlet-strategie/*Villagisering* bekendgestel – probeer om guerrillas van dorpenaars te isoleer/skei (1962) (Agtergrond)
- President Johnson het die Golf van Tonkin-voorval en -resolusie (1964) gebruik – verskoning vir eskalasie van die weermag
- Die VSA het gevoel die oorlog in Viëtnam was nie 'n konvensionele oorlog soos die Tweede Wêreldoorlog nie
- VSA het op 8 Maart 1965 3 500 mariniers en grondtroepe na Viëtnam gestuur
- Operasie Ranch Hand (1962 – 1971) – gebruik van chemiese ontblaarmiddels (Agent Orange om die woud te vernietig) – en Agent Blue (om landbouprodukte en voedsel te vernietig om die Viëtkong te verswak)
- President Johnson het Operasie *Rolling Thunder* in Maart 1965 ingestel om die Viëtkong vinnig uit te skakel – ondoeltreffendheid van 'n konvensionele oorlogvoering
- Gebruik van chemiese wapens bv. Napalm-jellie het die VSA ongewild gemaak en baie lande het die VSA veroordeel – die meeste skade aan die omgewing aangerig – loots verrassingsaanvalle op VSA-beheerde stede


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Getal Amerikaanse soldate wat dood is, het toegeneem – het gelei tot anti-oorlogdemonstrasies in die VSA
- Moeilikheid om guerrilla's van dorpenaars te skei – boere/kleinboere (guerrilla-oorlogvoering deur die Viëtming en Viëtkong)
- Hoogs effektiewe gebruik van guerrilla-taktieke deur die Viëtkong
- VSA het Soek en Vernietig-beleid gebruik vir dorpe wat die Viëtkong ondersteun – verwar met guerrilla-taktieke
- VSA-gruweldade en My Lai-slagting (Maart 1968) het die publieke opinie teen die VSA-aangevoerde oorlog gedraai/dit het gelei tot groot getalle burgerlike sterftes wat gelei het tot meer steun aan die Viëtkong
- Noord-Viëtnam ontvang militêre ondersteuning van die USSR en China, sodat die Viëtming en Viëtkong toegang tot ʼn paar moderne wapens gehad het
- Guerrilla-oorlogvoering is effektief gebruik deur die Viëtkong, ondersteun deur Viëtming uit die noorde en het taktiek gebruik soos lokvalle, tref-en-trap, sabotasie en ondergrondse tonnels – nou/smal genoeg om by die Viëtkong-liggaamstruktuur te pas, maar nie die wyd genoeg vir VSA-soldate nie
- Die Viëtkong het sy steunbasis vergroot as gevolg van die taktiek wat teen die VSA-soldate gebruik is
- Die Viëtnamese was verenig in die verdediging van hul land
- Viëtnamisering: President Nixon het met die beleid van strategiese onttrekking uit Viëtnam vorendag gekom. Ook genoem WHAM (Wen die Harte en Verstand van die Viëtnamese) dui op die mislukking van die VSA om Viëtnam te keer om ʼn kommunistiese staat te word en die daaropvolgende onttrekking daarvan
- VSA het alle troepe teen 1973 onttrek (President Nixon het die Parys-vredesooreenkomste op 27 Januarie 1973 onderteken – wat die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog beëindig het)
- Noord-Viëtnam het in 1975 beheer oor Saigon oorgeneem
- Viëtnam was verenig onder die kommunistiese beheer

(Enige ander relevante antwoord.)

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hulle argumente met ʼn relevante slot saamvat. **[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

### SINOPSIS

Kandidate moet 'n gebalanseerde reaksie gee deur te evalueer of Mobutu Sese Seko se beleid uiteindelik onsuksesvol was met die ontwikkeling van die Kongo in die jare ná onafhanklikheid. Dit kan politieke stabiliteit, die hou van vrye en regverdige verkiesings, veelparty-demokrasie, infrastruktuur insluit; om hul argument te ondersteun.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:
- **Inleiding:** Kandidate moet 'n standpunt inneem oor of hulle met die stelling saamstem of nie.

### UITBREIDING

**Politieke stabiliteit**
- Die Kongo was tot die vroeë 1960's onder Europese koloniale heerskappy
- Na die hou van veelparty-verkiesings met onafhanklikheid, het die Kongo binne die eerste vyf jaar van onafhanklikheid 'n eenparty-staat geword
- Kongo het voortgegaan om verkiesings te hou
- Mobutu het die belangrikheid van afrikanisering van sy politieke stelsel beklemtoon (hy het die demokrasie as 'on-Afrika' en as 'n Westerse dwang beskou)
- Mobutu Sese Seko was trots daarop om sy nasie te bou en het die trots om 'n Zairiër te wees kragtig bevorder
- Mobutu het tussen die 1960's en 1970's as 'lewenslange president' gebly
- Opposisieleiers is stilgemaak, gevange geneem en in sommige gevalle vermoor om 'stabiliteit' te handhaaf
- Mobutu Sese Seko het 'n kleptokrasie geskep waar 'n groep aangestelde staatsamptenare hul posisie vir finansiële gewin misbruik het
- Mobutu Sese Seko was uitspattig en het duur klere geniet en selfs paleise gebou
- Mobutu Sese Seko het hom by die Weste geskaar

(Enige ander relevante antwoord.)

**Ekonomiese ontwikkeling:**
- Kongo het sterk staatgemaak op landbou en minerale ontginning en was nie in staat om 'n geloofwaardige vervaardigingsektor te ontwikkel nie
- Die Kongo kon nie noemenswaardige verhogings in die lewenstandaard vir die meerderheid van sy mense sien nie
- Het 'n ekonomiese krisis beleef en daarom op buitelandse hulp/bystand staatgemaak



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Mobutu Sese Seko het die industrie aanvanklik genasionaliseer met sy beleid van Zairianisering, maar toe dit misluk het, het hy 'n kapitalistiese model aangeneem
- Mobutu Sese Seko het hulp, belegging en finansiële ondersteuning van die Weste (bv. die VSA en Frankryk) aanvaar.
- Mobutu het 'n nuwe klas elite-ondersteuners geskep
- Swak ekonomiese beleid – toenemende gaping tussen ryk en arm
- Verhoogde afhanklikheid van buitelandse beleggings. Klein elite wat rondom Mobutu gesentreer is, is meestal bevoordeel
- Persoonlike verryking en vermorsing van hulpbronne (bv. op sy paleis by Gbadolite)
- Inflasiekoerse het 100% bereik en maatskaplike welsyn is gesny. Produksie en uitvoere het afgeneem
- Toenemende afhanklikheid van buitelandse hulp
- Blumenthal-verslag – Blumenthal was die Wêreldbank-verteenwoordiger in Zaïre. In 'n uitgelekte verslag het hy gesê daar is geen kans dat die land ooit sy skuld sal terugbetaal nie.

**Kultureel**

- Tydens onafhanklikheid: Elitisme. Klein groepie met Westerse kennis en vaardighede. Swak onderwys vir plaaslike inwoners en beperkte toegang tot tersiêre onderwys. Frans – hooftaal
- “A bas le kostuums” – “Af met pakke”. Westerse styl klere verbode. "abacos"-styl van klere aangemoedig.
- Europese-styl name ontmoedig.
- Demokrasie as vreemde konsep beskou – Mobutu het as 'n tradisionele opperhoof regeer
- Primêre onderwys het verbeter. Toe die regering befondsing gestaak het en ouers moes betaal, het inskrywings gedaal. Onderwysers (en ander staatsamptenare) was onbetaald – agteruitgang van onderwys
- Nasiebou aangemoedig
- Die kunste, veral tradisioneel, is ontwikkel.
- Ten spyte van pogings tot Afrikanisering, het Frans dominant gebly en die stedelike elite bevoordeel
- Uiteindelik het druk van die Weste wat befondsing afgesny het, gelei tot 'n afname in sy mag. Rebellie en uiteindelike dood in ballingskap

(Enige ander relevante antwoord.)

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hulle argumente met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWINGSPROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAG-BEWEGING**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS:**

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die Swartmag-beweging daarin geslaag het om trots en eenheid onder Afro-Amerikaners in die Verenigde State van Amerika in die 1960's te vestig. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE:**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem deur te verduidelik tot watter mate die Swartmag-beweging in die 1960's daarin geslaag het om trots en eenheid onder Afro-Amerikaners in die Verenigde State van Amerika te vestig. Hulle moet ook 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**UITBREIDING**

- Toestande in die VSA: (Agtergrond inligting)
  - ➢ Afro-Amerikaners steeds ekonomies en polities kreupel in die VSA as gevolg van diskriminerende (Jim Crow) wette
  - ➢ Gebrek aan 'n gevoel van trots as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede (Gewoon in ghetto's en krotbuurte/swak behuising/fasiliteite met gebrekkige hulpbronne)
  - ➢ Afro-Amerikaners het ongeduldig geraak met die stadige pas van verandering en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's
  - ➢ Afro-Amerikaners wat aan polisiebrutaliteit onderwerp is – het gelei tot die groei van nasionalistiese gevoel

- Die Swartmag-beweging het gepleit vir die Swartmag-filosofie wat die gees van selfgelding bevorder het; selfstandigheid; swart trots; beheer van politiek in hul eie gemeenskappe (voorgestaan deur Stockely Carmichael); Afro-Amerikaners om hulself teen polisiebrutaliteit te beskerm; swartes om vryheid van wit gesag te soek; bevordering van die Afro-haarstyl en Afrika-klere en het die slagspreuk 'Black is beautiful' geskep
- Malcolm X het gewapende selfverdediging teen wit onderdrukking bevorder
- Hy het aangevoer dat bloedvergieting nodig is vir rewolusie (swart nasionalisme) en hy het selfrespek en selfdissipline voorgestaan
- Bevorder die konsep van 'Swart Trots' (selfbeeld/selfrespek/selfhelp)
- Afro-Amerikaners aangemoedig om op te staan teen wit Amerikaanse owerhede in die nastrewing van vryheid, geregtigheid en gelykheid op enige manier moontlik
- Ondersteun die gebruik van geweld as 'n manier van selfverdediging teen diegene wat Afro-Amerikaners aangeval het
- Carmichael het geglo dat die nie-gewelddadige strategie misluk het as gevolg van voortdurende geweld teen Afro-Amerikaners
- Bepleit die uitsluiting van wit 'liberale' as 'n filosofie vir Afro-Amerikaners
- Hy het een plan bevorder om die land in aparte swart en wit lande te verdeel



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Hy was teen die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog
- Impak: die mees voor die hand liggende vorme van rassediskriminasie het geëindig
- Rassegeweld en spanning het afgeneem
- Afro-Amerikaners is in openbare ampte verkies
- Behuising en fasiliteite van Afro-Amerikaners is verbeter
- Swart geletterdheidsvlakke het verbeter en afhanklikheid van staatstoelaes is verminder
- Regstellende-aksiebeleide vir federale indiensneming is ingestel
- 1966 Bobby Seale en Huey Newton stig die Black Panther Party (BPP) vir selfverdediging – teen polisiebrutaliteit
- Tienpuntplan aangeneem om sy sosiale, politieke en ekonomiese doelwitte vir die opheffing van die Afro-Amerikaanse gemeenskap te dek
- Die BPP het voedingskemas, kindersorg- en geletterdheidsprojekte in swart gemeenskappe bedryf – die voedingskemas het honger onder die jeug uitgeroei en leer in skole verbeter
- BPP-geletterdheidsprojekte het ongeletterdheid onder die Afro-Amerikaanse gemeenskappe uitgeroei
- BPP-kindersorgprojekte het na die mediese behoeftes van Afro-Amerikaners in swart gemeenskappe omgesien
- BPP-lede het die strate gepatrolleer om aktiwiteite (polisiëring van die polisie) te monitor en hulself teen polisiebrutaliteit te verdedig
- BPP het geëis dat swart geskiedenis in swart skole geleer moet word
- Rol van vrouens bv. Angela Davis; Fannie Lou Hamer

(Enige ander relevante antwoord.)

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hulle argumente met ’n relevante slot saamvat **[50]**

**TOTAAL: 150**



SA EXAM PAPERS